

Verhoogde leksikografiese toeganklikheid in die oorgang van 'n toeristewoordeboek na 'n toeristegids as naslaanbron

Increased lexicographic accessibility in the transition from a tourist dictionary to a tourist guide

RUFUS GOUWS

Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch, rhg@sun.ac.za

PATRICK LEROYER

Sentrum vir Leksikografie, Universiteit van Aarhus, Denemarke
pl@asb.dk



Rufus Gouws



Patrick Leroyer

RUFUS GOUWS is professor in Afrikaanse Taalkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy primêre doseer-, studieleidings- en navorsingsgebied is die teoretiese leksikografie. Hy publiseer wyd in plaaslike en internasionale vaktydskrifte en boeke en tree gereeld op as spreker en aanbieder by internasionale kongresse, simposia en kursusse. Vir sy leksikografiese navorsing ontvang hy verskeie beurse en toekennings. Sy werk in die teoretiese leksikografie word aangevul met werk aan verskillende woordeboekprojekte, onder meer die internasionale *Dictionary of Lexicography and Dictionary Research* en, in die Afrikaanse leksikografie, die HAT.

RUFUS GOUWS is professor of Afrikaans Linguistics at the University of Stellenbosch. His primary field of interest in teaching, supervision and research is theoretical lexicography. He has published widely in local and international scientific journals and books and is a frequent participant in international conferences, symposia and courses. His work in the field of theoretical lexicography is complemented by work on various dictionary projects, including the international *Dictionary of Lexicography and Dictionary Research* and, in Afrikaans lexicography, the HAT.

PATRICK LEROYER, PhD, is medeprofessor vir Frans en Deens as vaktaal aan die Aarhus Sake-skool, Universiteit van Aarhus, waar hy ook verbonde is aan die Sentrum vir Leksikografie – Navorsing in behoefte gerigte inligting en datatoegang. Sy huidige navorsing is op die terrein van die teoretiese en praktiese leksikografie, insluitende die ontwikkeling van woordeboek-funksies in toeristewoordeboeke. Hy neem gereeld deel aan internasionale kongresse en publiseer op die gebied van vaktaal, sakekommunikasie, terminografie en leksikografie.

PATRICK LEROYER, PhD, is Associate Professor of French and Danish LSP at the Aarhus School of Business, University of Aarhus, and is attached to the Centre for Lexicography – Research into Needs-Adapted Information and Data Access. His current research focuses on theoretical and practical lexicography, and includes the development of dictionary functions in tourist dictionaries. He participates in international conferences on a regular basis and has published within the fields of LSP and business communication, terminography and lexicography.

ABSTRACT***Increased lexicographic accessibility in the transition from a tourist dictionary to a tourist guide.***

Research in theoretical lexicography has led to the formulation of various models for the planning and compilation of dictionaries. These dictionaries belong to different typological categories but they should all be regarded as reference sources with a specific data presentation, specific structures and well defined functions. Although directed at the compilation of dictionaries, many aspects of these theoretical models can also be applied to other sources of reference. In this paper it is proposed that the implementation of developments in theoretical lexicography should be extended so that certain types of reference sources other than dictionaries, also fall within the scope of their application. These suggestions may look like an attempted lexicographisation of other reference works. However, they should rather be seen as a proposed delexicographisation of a well developed theory, which is at present restricted in its application to the field of dictionaries.

Following a brief discussion of some salient features in the development of theoretical lexicography, especially the lexicographic functions approach, the focus switches to the possibility of planning a more general reference source according to criteria laid down for dictionaries. Due to the lack of a proper theoretical basis, many tourist dictionaries fail to satisfy the needs of their intended target users. Accordingly, as opposed to merely proposing an improved tourist dictionary, this article employs tourist dictionaries as a case in point to argue in favour of a more comprehensive tourist guide that will include the tourist dictionary as one of the texts in its central component. Various aspects of the reference needs of tourists are discussed and an indication is given of ways in which dictionaries can provide in these needs.

The transition from a tourist dictionary to a tourist guide is presented as the best solution to the problem of inadequate tourist dictionaries. Various aspects of the relevant adaptation and implementation of lexicographic criteria are discussed. Innovative suggestions regarding the structure of the more comprehensive reference source, e.g. the use of an amalgamated central component in which so-called drawer texts are presented as equal status integrated inner texts, are complemented by a focus on the way in which access to the data on offer in such a reference source could be enhanced. It is indicated that, contrary to the prevailing approach in tourist dictionaries, not only a communicative function but also a cognitive function should be satisfied by tourist reference guides. In order to achieve this, the access process needs to make provision for a poli-accessible reference source which allows different search routes with a variety of reference source external points of departure to guide the intended target user to a variety of destinations within the reference source, where the external access routes are linked to internal routes. The notion of intra access routes to link different texts within the amalgamated central component to ensure an optimal retrieval of information and to ascertain textual cohesion is introduced. In a reference source like a tourist guide, access should not be limited to the source internal data. Users often need to be guided to pragmatic and cognitive destinations outside the reference source. To assist users in this regard, suggestions are made for an exit process, giving access to the source external environment. This form of access activates the use of a further lexicographic function, i.e. the operative function. Information retrieved from the reference source should enable knowledgeable target users to employ it in the pragmatic source external environment in order to satisfy certain needs. The reference source, in this case the comprehensive tourist guide, is elevated to a communicative, cognitive as well as operative access route directed at the real tourist environment. Such an approach helps to fulfil the genuine purpose of the relevant reference source.

By delexicographising certain aspects of lexicographic theory its more general application can enhance the quality, accessibility and usefulness of many other sources of reference.

KEY CONCEPTS: Access process, access routes, accessibility, amalgamated component, cognitive function, communicative function, drawer structure, lexicographic functions, lexicography, operative function, reference source, tourist dictionary, tourist guide.

TREFWOORDE: Geamalgameerde komponent, kognitiewe funksie, kommunikatiewe funksie, laaistruktuur, leksikografie, leksikografiese funksies, naslaanbron, operatiewe funksie, toegangsproses, toegangsroetes, toeganklikheid, toeristegids, toeristewoordeboek.

OPSOMMING

Die ontwikkeling van die leksikografieteorie is daarop gerig om die produksie van beter woordeboeke te verseker. As naslaanbronne het woordeboeke 'n bepaalde data-aanbod, vertoon hulle sekere leksikografiese strukture en moet hulle bepaalde leksikografiese funksies bevredig. Talle aspekte van die teoretiese leksikografie sou ook gebruik kon word in die beplanning en samestelling van ander naslaanbronne. In hierdie bydrae word gewys hoe bepaalde beginsels uit die teoretiese leksikografie vir die daarstelling van ander naslaanbronne benut kan word. 'n Verhoging in die toegang tot data en 'n doeltreffender onttrekking van inligting word in die vooruitsig gestel in die geval waar bestaande toeristewoordeboeke opgeneem word in omvattender toeristegidse wat volgens 'n geleksikografiseerde benadering saamgestel is. Die fokus is op die benutting van leksikografiese funksies en op 'n erkenning aan verskillende onderafdelings van die toegangsproses in naslaanbronne.

1. INLEIDEND

'n Gebruikersgerigte leksikografiese benadering vereis van die leksikograaf om verder te dink as net die tradisionele woordeboekbehoefte van die geïdentifiseerde teikengebruiker. Algaande het dit in die leksikografieteorie ook duidelik geword (vergelyk Tarp 2008a) dat die teoretiese raamwerk wat vir die beplanning van woordeboeke ontwerp is, 'n wyer toepasbaarheid gekry het en met geringe aanpassings ook bruikbaar is vir die beplanning van ander naslaanbronne, naslaanbronne wat eweneens op 'n teoreties verantwoordbare manier saamgestel behoort te word. Hierdie onderwerp kom in hierdie bydrae aan die orde. Met toeristewoordeboeke en veral die oorgang na toeristegidse as gebruiksvoorbeeld word verskillende aspekte van die leksikografieteorie, maar ook van sy wyer toepassingsmoontlikhede, bespreek. Die fokus in hierdie artikel is nie op toeristewoordeboeke nie, maar eerder op 'n teoretiese basis vir toeristegidse as omvattende naslaanbronne wat een of meer woordeboeke mag insluit.

2. DIE BEWEGING IN DIE METALEKSIKOGRAFIE NA 'N TEORIE VAN LEKSIKOGRAFIESE FUNKSIES

Waar die fokus in die leksikografieteorie aanvanklik primêr op die taalkundige inhoud van woordeboeke was (vergelyk onder meer Zgusta 1971), was daar in die tagtiger- en negentigerjare 'n verskuiwing om naas die woordeboekinhoud ook aan 'n verskeidenheid woordeboekstrukture aandag te gee. Vergelyk in hierdie verband onder meer Hausmann & Wiegand (1989). Sedert veral die tweede helfte van die negentigerjare was daar 'n verdere ontwikkeling, hoofsaaklik onder aanvoering van Bergenholtz en Tarp (vergelyk onder meer Bergenholtz en Tarp 2002; 2003), waarin leksikografiese funksies tot die sentrale aspek van leksikografieteorie verhef is. Tarp (2008) definieer die begrip *leksikografiese funksie* soos volg:

'n Leksikografiese funksie is die bevrediging van die spesifieke tipes leksikografiese relevante behoeftes wat mag ontstaan in 'n spesifieke tipe potensieële gebruiker in 'n spesifieke tipe ekstra-leksikografiese situasie.

Die vooropstelling van leksikografiese funksies het gelei tot die vestiging van die sogenaamde “moderne teorie van leksikografiese funksies” (vergelyk in hierdie verband Bergenholtz en Tarp (2002) as een van die kragtigste raamwerke waarbinne die teoretiese leksikografie bedryf word en wat daadwerklike veranderinge in die leksikografiepraktyk tot gevolg het. Die gebruiker en die gebruiksituasie staan sentraal in die moderne leksikografieteorie en alle besluite oor die beplanning en verbetering van woordeboeke moet daarmee rekening hou.

3. 'N ALGEMENE TEORETIESE BENADERING TOT 'N VERSKEIDENHEID NASLAANBRONNE

Aandag aan woordeboektipologie en die inhoud en struktuur van woordeboeke het dit ten doel gehad om woordeboeke beter gebruiksinstrumente te maak. Ook in die moderne teorie van leksikografiese funksies is een van die kernuitgangspunte dat woordeboeke praktiese gebruiksinstrumente is wat daargestel word om gebruikers met die oplossing van praktiese probleme te help. Om hiermee te help, stel Tarp (2008a) dit baie duidelik dat leksikograwe 'n profiel van hulle gebruikers moet opstel om die behoeftes asook die sosiale gebruiksituasie vas te stel.

In die navorsing oor leksikografiese funksies (vergelyk Tarp 2000) is daar aanvanklik op twee leksikografiese funksies klem gelê, te wete die kognitiewe funksie en die kommunikatiewe funksie (wat onderverdeel word in 'n teksresepsie- en 'n teksproduksiefunksie). 'n Onderskeidende kenmerk van woordeboeke as naslaanbronne is dat hulle gewoonlik nie van hoek tot kant deurgelees word nie. Intendeel, die tipiese raadpleging van 'n woordeboek is die nagaan van 'n enkele stukkie teks en die posisie in die woordeboek as draer van tekssoorte waar die raadpleging plaasvind, word slegs deur die behoefte van die gebruiker bepaal. Daar is gewoonlik geen verband tussen opeenvolgende raadplegings van dieselfde woordeboek deur dieselfde gebruiker nie.

Woordeboekraadplegingsukses is in 'n hoë mate daarvan afhanklik dat die gebruiker met sekerheid te werk moet kan gaan om toegang tot die verlangde data te kry (vergelyk Tarp 2007). Leksikografiese instrumente moet dit vir hulle teikengebruikers moontlik maak om op 'n ondubbelsinnige manier daardie inskrywings in die bron te kan bereik waarna hulle op soek is en dit reg te kan interpreteer sonder om sistematies deur die hele bron te hoef werk.

Die kenmerk van woordeboeke dat hulle nie tipieserwys deur die gemiddelde gebruiker in 'n gewone woordeboekraadplegingsprosedure van hoek tot kant gelees word nie en dat die tipiese raadpleging gerig kan wees op 'n inskrywing op enige gegewe plek in die woordeboek, is nie eiesoortig aan woordeboeke nie. Sommige ander naslaanbronne, byvoorbeeld sekere handboeke, atlasse, gebruikersgidse en talle sogenaamde *How to ...*-handleidings word ook so gebruik. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die manier waarop telefoongidse tipies geraadpleeg word. Toegang geskied via die alfabetiese ordening, en waar die gids nie net vir 'n enkele stad saamgestel is nie maar vir 'n streek, is die primêre alfabetiese ordening dié van die name van die dorpe en stede in die streek en binne hierdie opeenvolging van artikeltrajekte word toegang tot die verlangde inskrywing gekry.

Die *Geel Bladsye*, asook sommige ander bylae in telefoongidse, bied ook 'n tematiese ordening van data wat in ooreenstemming is met aspekte van die aanbod van data in tematiese woordeboeke. Die model wat vir die toegang tot 'n goeie telefoongids gebruik word, stem in

verskillende opsigte ooreen met die model wat vir sekere woordeboeke ontwerp is. Navorsing oor groter toegangsukses in woordeboeke kan byvoorbeeld ook lei tot verhoogde toegangsukses in telefoongidse. Hierdie soort insig het daartoe gelei dat navorsers in die teoretiese leksikografie (vergelyk Tarp 2008a) toenemend besef het dat talle aspekte van die leksikografie 'n wyer toepassingsmoontlikheid as slegs woordeboeke het.

Die werklike doel van 'n woordeboek word bereik wanneer die funksies wat vir daardie doel geformuleer is, tydens 'n tipiese gebruiksprosedure van daardie woordeboek bevredig word. 'n Belangrike verdere stap in die ontwikkeling van leksikografiese funksies was die erkenning van die sogenaamde operatiewe funksie. Hierdie derde funksie (vgl. Tarp 2008a) maak ook daarvoor voorsiening dat die werklike doel van bronne soos handleidings, die tipiese *How to...*-publikasies, ensovoorts bereik kan word. Gebruikers word naamlik daartoe in staat gestel om inligting aan so 'n bron te onttrek vir aanwending in 'n bron-eksterne omgewing. Dié funksie is ook dominant aanwesig in instruksietekste, soos die aanwysings vir die gebruik van 'n wasmasjien, bepaalde medisyne, ensovoorts. Die operatiewe funksie is van kardinale belang in dokumentontwerp en die skryf van instruktiewe tekste. Met hierdie ontwikkeling verhef Tarp die teorie van leksikografiese funksies formeel tot 'n benadering wat meer as net woordeboeke in sy bestek het. Hieruit volg nogmaals dat bepaalde aspekte van 'n algemene leksikografieteorie nie net op die samestelling van woordeboeke gerig hoef te wees nie, maar ook op die samestelling van sekere ander tipes naslaanbronne.

Die benutting van dieselfde teoretiese vertrekpunte in woordeboeke en ander naslaanbronne vra om die formulering van 'n oorkoepelende teorie wat nie uitsluitlik as leksikografieteorie beskou word nie, maar wat ook vir aspekte van die leksikografie voorsiening maak. Inligtingsontwerp kan hier as 'n oorkoepelende kategorie beskou word waarbinne ook die leksikografie gehuisves word. Tarp (2008a) pleit ten gunste van 'n nuwe rigting, naamlik die *studie van toegang tot data en inligting (information and data accessology)*. Volgens Tarp het so 'n benadering die potensiaal om veel meer as net tradisionele leksikografie te betrek. Dit bly nuttig vir leksikografiese werk in die enger sin van die woord maar eweneens vir talle ander tekste, byvoorbeeld handboeke en gebruikshandleidings, wat ten minste gedeeltelik vir naslaandoeleindes geraadpleeg word. Dit is belangrik om daarop te let dat so 'n benadering nie sonder meer die "leksikografisering" van ander naslaanbronne impliseer nie, maar eerder dui op die "deleksikografisering" van bepaalde teoretiese benaderings wat tot dusver slegs ten opsigte van leksikografiese bronne gebruik is. Dit is nie 'n poging om ander bronne onder 'n leksikografiese sambreel te bring nie, maar om aspekte van die leksikografieteorie 'n wyer toepassingsmoontlikheid te gee; in feite 'n bydrae tot die formulering van 'n algemener teoretiese raamwerk vir naslaanbronne as sodanig.

Die toepassing van Tarp se pleidooi kan ook lei tot die samestelling van veeldoelige naslaanbronne wat sowel leksikografiese as ander data bevat. Die begrip *naslaanbron* moet nie te eng geïnterpreteer word as sou dit byvoorbeeld net na akademiese of vakkundige hulpmiddels verwys nie. Veel meer, ook hulpmiddels vir die leek, word hierby ingesluit. Weer eens kan daar verwys word na telefoongidse wat 'n tipiese voorbeeld is van 'n lekenaslaanbron wat opgestel is volgens beginsels wat vergelykbaar is met bepaalde leksikografiese beginsels.

In die hieropvolgende bespreking word een tipe naslaanbron aan die orde gestel, te wete die toeristegids. Daar word gewys op die voordeel om vanaf die eng (en dikwels ondoeltreffende) toeristewoordeboek te beweeg na 'n omvattender, geskikte en hoogs toeganklike toeristegids. In hierdie artikel word toeristegidse as 'n voorbeeld gebruik van die toepassing van sekere aspekte van 'n teorie wat vir meer as net woordeboeke voorsiening maak en wat daarop gerig is om makliker en beter toeganklikheid van sulke naslaanbronne te verseker.

4. KONVENSIENELE TOERISTEWOORDEBOEKE

In die toeristebedryf bedien 'n diverse versameling naslaanbronne tans 'n wye reeks gebruikers met uiteenlopende behoeftes van hulp van 'n ewe uiteenlopende aard (vergelyk Leroyer 2008; 2008a). Wat die gehalte van die beskikbare bronne betref, steek die meeste toeristewoordeboeke af by talle ander reispublikasies. Een van die redes vir die swak gehalte van baie toeriste- of reiswoordeboeke is die feit dat die samestelling van hierdie bronne te dikwels nie as 'n wetenskaplike praktyk bedryf is nie en min blyke gee van leksikografiese beplanning of 'n ondersteunende leksikografiese model. As kommersiële produkte laat hierdie woordeboeke hulle gretige teikengebruikers dikwels in die steek. Van goed ontwerpte leksikografiese strukture, 'n erkenning aan leksikografiese funksies, 'n duidelik omskrewe teikengebruiker en 'n kennis van die werklike behoeftes van die teikengebruiker is daar in baie toeristewoordeboeke weinig sprake (vergelyk Leroyer 2008; 2008a). Talle toeristewoordeboeke is weinig meer as 'n woordelys met 'n enkele vertaalekwivalent as enigste bewerkingsinskrywing vir 'n bepaalde lemmateken. Ook waar sulke woordeboeke 'n tematiëse ordening het met, naas die enkelwoordinskrywings, tipiese frases wat gebruik moet word vir byvoorbeeld 'n hotelbespreking, 'n etebestelling in 'n restaurant, 'n roetenavraag of die bevestiging van 'n vlugaansluiting, ontbreek sinvolle konteksleiding dikwels. Vir die funksie van teksproduksie het so 'n woordeboek meestal weinig waarde. So 'n woordeboek is dikwels slegs op die primitiewe kommunikasiebehoeftes van toeriste gerig (vergelyk die opmerkings van Zgusta 1971:304), en van 'n kennisvoorsiening met die fokus, naas 'n blote kommunikatiewe funksie, ook op die kognitiewe en selfs die operatiewe funksie, is daar nog min tekens.

Die moderne toeris is 'n aktiewe en intelligente gebruiker van naslaanbronne wat antwoorde verwag op die vrae wat die naslaanhandeling gemotiveer het. Hedendaagse toeriste in die hipermoderne kennis- en inligtingsamelewing stel eiesoortige eise aan naslaanbronne en baie tradisionele toeristewoordeboeke bevredig hierdie behoeftes slegs op 'n uiters beperkte manier. Indien daar nie daadwerklike veranderinge kom nie, bestaan die gevaar dat talle tradisionele toeristewoordeboeke wat slegs 'n beperkte kommunikatiewe en kognitiewe funksie het, heeltemal in onbruik kan raak omdat baie reisgidse reeds woorde- en fraselyste bevat wat die basiese kommunikatiewe behoefte van die toeris op geen mindere manier tot hulp is as wat in die meeste toeristewoordeboeke die geval is nie (vergelyk byvoorbeeld die gewilde *Eyewitness Travel Guides*). Die behoefte van toeriste aan kitstoegang tot 'n omvattender bron van kennis dwing die leksikograaf om op 'n ander manier te besin oor toeristewoordeboeke en hulle plek binne die breër terrein van naslaanbronne vir toeriste.

Nie net toeristewoordeboeke nie maar ook bestaande toeristegidse moet herbekyk word. Toeristegidse wat daarop gerig is om naslaanbronne te wees wat aan hulle toeristegebruikers hulp verleen met betrekking tot kulturele en praktiese inligtingsbehoeftes, kan 'n veel beter bydrae lewer deur in 'n hoër mate volgens teoretiese gefundeerde beginsels beplan en saamgestel te word (vergelyk Leroyer 2008; 2008a; Om te verskyn). Vanuit die perspektief van bestaande leksikografiëteorie kan dit in 'n sekere mate geleksikografiseer word, dit wil sê omskep word in werklike gebruiksinstrumente; weliswaar nie leksikografiese gebruiksinstrumente nie, maar gebruikergerigte naslaanbronne.

5. LEKSIKOGRAFIESE BEHOEFTE VAN TOERISTE

5.1 Kognitiewe behoeftes

Aan die kognitiewe funksie word daar in tradisionele reiswoordeboeke nog veels te min aandag gegee. Die kognitiewe funksie is veral gerig op hulp aan gebruikers wat kennis van die betrokke

doeltaal maar ook van die plaaslike omgewing, kultuur en gebruike wil bekom; ook voordat hulle op reis gaan. In hierdie verband het die woordeboek 'n pedagogiese ingesteldheid. Dit moet onder meer verseker dat 'n beperkte mate van taalonderrig so doeltreffend as moontlik plaasvind. Dit impliseer dat die woordeboek die gebruiker met sekere aspekte van die betrokke taalsisteem vertrouwd moet maak, maar ook met 'n verskeidenheid praktiese taalprobleme waarmee die gebruiker gekonfronteer mag word in 'n praktiese situasie waar sekere taalkeuses gemaak moet word. Terselfdertyd moet daar 'n data-oordrag bewerkstellig word wat in terme van 'n tradisionele siening van die leksikografie moontlik as van 'n ensiklopediese aard beskou mag word. Die kunsmatige tweedeling tussen semantiese en ensiklopediese data is 'n aspek uit die verouderde linguisties gedrewe leksikografie waarteenoor die opstellers van toeristewoordeboeke 'n vernuwend houding moet inslaan.

Vir die opsteller van 'n toeristewoordeboek, soos ook vir die opsteller van ander woordeboeke, behoort dit nie 'n kwessie te wees of 'n bepaalde mikrostrukturele inskrywing in die semantiese kommentaar van 'n woordeboekartikel tot die semantiese al dan die ensiklopediese terrein behoort nie. Hierdie tweedeling mag linguisties interessant wees, maar leksikografies is dit irrelevant (vergelyk in hierdie verband onder meer Bergenholtz & Gouws 2007a). Vir die kognitiewe funksie van 'n toeristewoordeboek is dit belangrik dat die bewerking in die betekenisparafrase sodanig moet wees dat dit die teikengebruiker daartoe in staat kan stel om 'n voldoende begrip van die betrokke woord en kennis van die saak waarna die woord verwys aan die woordeboek-artikel te onttrek. Hier gaan dit dikwels om meer as suiwer betekenisdata. Talle woorde is kultuurafhanklik, dit wil sê hulle het 'n andersoortige waarde binne die betrokke kultuur as wat hulle vertaalekwivalente in 'n ander kultuur het. Dit wat in 'n Nederlandse *coffee shop* aangebied word, is byvoorbeeld nie dieselfde as wat op die spyskaart van 'n Afrikaanse koffiekuiersplek is nie. Hier is 'n gebruiker geregtig op bykomende leiding.

5.2 Tipologiese hibridisering

'n Toeristewoordeboek is dikwels tweetalig, maar hoef nie uitsluitlik tweetalig te wees nie. In die leksikografie word dit reeds lank aanvaar dat tipologiese klassifikasie nie rigied moet wees nie en selfs dat 'n woordeboek nie tot 'n bestaande tipologiese klassifikasie hoef te behoort nie (vergelyk Gouws 2007). Vir die behoeftes van 'n bepaalde gebruikersgroep kan 'n woordeboek saamgestel word wat 'n eiesoortige tipologiese vermenging of vernuwing verteenwoordig. Die beginsel van 'n tipologiese hibried is reeds gevestig. Die aard van sy funksies en die diversiteit van sy teikengebruikers en hulle behoeftes maak dit ideaal vir 'n toeristewoordeboek om 'n hibriediese karakter te hê. Die hibridisiteit kan op verskillende vlakke lê.

Een van die hibriediese kenmerke is dat dit 'n tweetalige woordeboek met 'n eentalige dimensie mag wees. As tweetalige woordeboek behoort 'n toeristewoordeboek liefst 'n tweerigtingkarakter te hê sodat gebruikers vir teksresepsie vanaf die vreemde na die moedertaal kan beweeg en vir teksproduksie, al is dit in 'n baie beperkte mate, vanaf die moedertaal na die vreemde taal. Waar tweerigtingwoordeboeke gewoonlik poog om 'n vergelykbare makrostrukturele verteenwoordiging van albei tale en 'n vergelykbare mikrostrukturele bewerking aan te bied, hoef dit nie die geval in 'n toeristewoordeboek te wees nie. Omdat die teksresepsiefunksie ten opsigte van die vreemde taal normaalweg veel sterker is as die teksproduksiebehoefte in die vreemde taal, kan die vreemdetaalmakrostruktuur omvattender wees as die moedertaalmakrostruktuur. Die bewerking moet eweneens verskille toon – wat nie nou hier bespreek word nie. Een mikrostrukturele inskrywingstipe wat wel bespreek moet word, is daardie inskrywing wat aan die tweetalige woordeboek 'n eentalige dimensie gee. Dit is 'n inskrywingstipe wat slegs in die

bewerking van vreemdetaalmakrostruktuuritems verstrek moet word aangesien dit op die kognitiewe en teksresepsiefunksie van daardie taal gerig is. Dit gaan hier naamlik daarom dat die bewerking in die semantiese kommentaar van 'n artikel naas die gee van vertaalekwivalente en koteks- en konteksinskrywings ook 'n betekenisparafrase behoort te bevat. In die bewerking van byvoorbeeld kultuurgebonde leksikale items kan die vertaalekwivalent, hetsy 'n volwaardige vertaalekwivalent hetsy 'n surrogaatekwivalent, aangevul word deur 'n bondige omskrywing van die tersaaklike kulturele waarde. In die geval van 'n toeristewoordeboek wat tot 'n effens omvattender kategorie behoort, sou die agterteksteafdeling 'n buitetekst kon bevat met 'n uitvoeriger bespreking van alle kultuurgebonde leksikale items in die sentrale lys. Daar kan vanaf die betrokke artikels in die sentrale lys 'n kruisverwysing na die buitetekst wees om ook daardie data vir die gebruiker toeganklik te maak.

5.3 Kultuurgebondenheid

Taal mag nie los van die kultuur van die sprekers van daardie taal gesien word nie en die kognitiewe funksie behoort die leksikograaf daartoe te verplig om die taal binne die betrokke kultuur te kontekstualiseer. Die potensiele kennisoordrag ter uitvoering van die kognitiewe funksie moet ook geskied by wyse van die aanbieding van geordende tekste, meestal as buitetekste van 'n reiswoordeboek aangebied, wat aan die gebruiker leiding gee oor aspekte van die daaglikse werklikheid en pragmatiese noodsaaklikhede in die omgewing waarheen hy/sy op pad is. Vir 'n Britse toeris in 'n Europese land, byvoorbeeld Duitsland, behoort daar onder meer 'n aanduiding van die omskakeling van Engelse na metrieke mate te wees. Alhoewel die inhoud van 'n toeristewoordeboek wat op die kognitiewe funksie gerig is, dikwels in die pre-reis-fase benut word, speel dit 'n ewe belangrike rol tydens die reis self waar die gebruiker in sy werklike ervaring gekonfronteer word met situasies wat geïnterpreteer moet word en waarvoor kennis van die betrokke omgewing, kultuur of taal nodig is. In hierdie verband is kitstoegang tot doeltreffende hulp noodsaaklik.

Die kommunikatiewe funksie van toeristewoordeboeke is op teksproduksie en teksresepsie in die doeltaal gerig sodat gebruikers tydens hulle reis in die doeltaal kan kommunikeer. Die kommunikatiewe behoeftes aan teksproduksie is beperkter as aan teksresepsie van geskrewe tekste en mondelinge kommunikasie in die doeltaal. Hierdie funksie van die woordeboek word veral benut tydens die besoek aan die toeristebestemming. Elke taal het sy eie stel formules om handelinge soos groet, meelewing, verskillende tipes wense, ensovoorts uit te druk. Vir 'n toeris is sulke formules belangrik in daaglikse kommunikasie in die vreemde omgewing. 'n Blote en letterlike vertaling van hierdie formules is dikwels nie verstaanbaar nie, vergelyk maar die letterlike en woordelike vertaling tussen Afrikaanse en Engelse formules soos *How do you do*, *Baie geluk*, *Compliments of the season*, *Hoe gaan dit*, ensovoorts. Sulke formules is geleksikaliseerde eenhede en vir sowel teksresepsie as teksproduksie, maar ook ter wille van die kognitiewe funksie, behoort 'n gebruiker van 'n toeristewoordeboek leiding te kry in hierdie verband.

5.4 Beperkte hulp

Die waarde van talle internasionale woordeboeke in die bevrediging van relevante ekstra-leksikografiese kommunikatiewe behoeftes en probleme van die teikengebruikers met betrekking tot gesproke teksresepsie en teksproduksie is uiters beperk. Enersyds is dit omdat die betrokke leksikografiese prosesse nie 'n voldoende teoretiese basis het nie. Andersyds, en dit is nie as gevolg van 'n fout aan die kant van die toeristewoordeboeke nie, lê die waardebeperking daarin

dat die tipiese teikengebruikers beperkte leksikografiese behoeftes mag hê, maar veel uitgebreider behoeftes van 'n algemene toeristiese aard. Vir die nuwe toeris is die tipiese kognitiewe behoeftes eerder van 'n ekstra-leksikografiese aard, byvoorbeeld ten opsigte van gelokaliseerde kennis en kulturele data. Die kommunikatiewe behoeftes van toeriste is dikwels ondergeskik aan hulle kognitiewe behoeftes wat veral op kulturele outentiekheid gerig is om die kulturele ervaring 'n werklikheidsbelevens te maak. Daar is meer as net sprake van die transformasie van die gebruikerssituasie en die oorgang van eenvoudige na komplekse gebruikersbehoefte. Die opstellers van naslaanbronne vir toeriste moet dit in ag neem. Een van die oplossings vir hierdie probleem en 'n gepaardgaande versekering dat toeristewoordeboeke steeds 'n rol kan speel in die groeiende kennis- en beperkte kommunikatiewe behoeftes van toeriste, is om 'n toeristewoordeboek nie afsonderlik nie maar eerder as deel van 'n algemene naslaanbron vir toeriste voor te berei. Dit impliseer dat nie net die toeristewoordeboek nie, maar die volledige toeristegids volgens dieselfde stel kriteria beplan en saamgestel moet word. Aangesien die metaleksikografie uitgebreide modelle ten opsigte van die inhoud, funksies en struktuur van 'n uiteenlopende verskeidenheid woordeboektipies het, kan hierdie modelle se toepassing uitgebrei word om oor woordeboekgrense heen te beweeg en naslaanbronne van 'n omvattender aard in hulle betrek te kry. Voorstelle hiervoor word in die hieropvolgende afdelings gemaak.

6. DIE OORGANG VAN TOERISTEWORDEBOEK NA TOERISTEGIDS

In woordeboeke is die tipiese gebruikersbehoefte (vergelyk Tarp 2008a) altyd 'n behoefte aan inligting. Dit is nie 'n kenmerk wat uitsluitlik dié van woordeboeke is nie aangesien talle ander naslaanbronne ook benut word vir inligtingonttrekking. Om die inligtingsbehoefte van toeriste ten beste te bestuur, sou 'n mens wou voorstel dat 'n verandering bewerkstellig moet word in die rol van toeristewoordeboeke sodat daar 'n oorgang is na die insluiting van 'n toeristewoordeboek in 'n algemener toeristegids. So 'n bron sal in 'n hoër mate voorsiening maak vir die omvattender gebruikersbehoefte en tipiese gebruikssituasies van die tipiese toeristegebruiker. Die samestelling van so 'n bron moet voorafgegaan word deur deeglike empiriese navorsing. In hierdie navorsing moet bestaande toeristewoordeboeke en reisgidse geanaliseer word maar daar moet ook aandag gegee word aan 'n bepaling van die behoeftes en naslaanvaardighede van duidelik omskrewe teikengebruikers van sulke toeristegidse. In 'n poging om 'n uitvoeriger data-aanbod, gerig op 'n groter verskeidenheid gebruikersbehoefte, daar te stel, behoort die opstellers van so 'n omvattende toeristegids in hulle navorsing indringend aandag te gee aan al die bronne wat toeriste tans tipieserwys raadpleeg, byvoorbeeld woordeboeke, brosjures, reisgidse, publikasies oor geskiedenis en kultuur, reklametekste van toeristebesoekplekke, koffietafelboeke, ensovoorts. Daar moet vervolgens gekyk word watter van hierdie materiaal vir 'n bepaalde toeristegids bruikbaar sou wees om aan gebruikers van so 'n enkele omvattende bron toegang tot 'n wye, relevante, gepaste en behoefte gerigte dataverskeidenheid te gee. Gepastheid lê nie net in die inhoud van die materiaal nie, maar ook in die retoriek. 'n Toeristegids as naslaanbron moet byvoorbeeld wegbeweeg van die oorredende styl van baie reklamereisbrosjures. In hierdie verband is dit nodig om aandag te gee aan verskillende praktiese kwessies wat die funksies van die toeristegids ten nouste raak. Hierdie kwessies sluit onder meer in of die bron as gedrukte of internetbron beplan word en of dit vir binnelandse of buitelandse toeriste bedoel is. Antwoorde op sulke kwessies het 'n regstreekse invloed op onder meer die dataverspreidingsstruktuur van die beplande toeristegids.

In die leksikografie is dit telkens in die beplanning van 'n nuwe woordeboek belangrik om vas te stel wat die werklike doel van daardie woordeboek is. Die term *werklike doel* kan gesien word as verwysend na die bereiking van die somtotaal van al die leksikografiese

funksies wat vir die betrokke woordeboek geïdentifiseer is (vergelyk Gouws 2005a:61). Leroyer (Om te verskyn) pleit gemotiveerd vir die gebruik van die term *toeristewoordeboek* eerder as *reiswoordeboek*. Woordeboeke word vir bepaalde gebruikersgroepe geskryf en die teikengebruiker van die toeristewoordeboek is die toeris. Die term *toeristewoordeboek* is analoog aan die term *aanleerderwoordeboek*, 'n gevestigde term in die leksikografie, om na 'n gevestigde woordeboeksoort te verwys. Leroyer (Om te verskyn) gee in sy bespreking 'n duidelike aanduiding van wat die werklike doel van 'n toeristewoordeboek is, naamlik:

Die werklike doel van 'n toeristewoordeboek is die bevrediging van die tipes leksikografies relevante behoeftes wat ontstaan by een of verskillende tipes potensieële toeristegebruikers in een of meerdere tipes ekstra-leksikografiese toeristesituasies.

Die naslaanbehoefte van toeriste is nie beperk tot dit wat tradisioneel as leksikografies relevant gesien is nie. Gevolglik bevat 'n omvattender toeristegids ook tekste wat weliswaar nie leksikografies relevant is in die sin van gewone woordeboekraadpleging nie, maar wel referensieel relevant is aangesien dit gerig is op die bevrediging van bepaalde werklike naslaanbehoefte van die toeris as teikengebruiker. Die begrip *werklike doel* moet hier dus verder gevoer word as die grense van die leksikografie om onder meer ook 'n toeristegids as naslaanbron in sy bestek te hê. *Leksikografies relevant* sou dan hier ook in terme van die verbrede toepassing van leksikografiese beginsels gesien kan word.

7. DIE MEDIUM EN DIE GEBRUIKSITUASIE

Die besluit oor die medium van die toeristegids mag nie ligtelik geneem word nie, maar moet ook deur die tipiese gebruikersbehoefte en gebruikssituasie bepaal word. Die mees tipiese gebruikssituasie wat vir 'n toeristegids voorsien word, is waar 'n toeris op reis in 'n vreemde omgewing dié bron raadpleeg om inligting te onttrek wat nodig is om 'n bepaalde probleem op te los. Hierdie probleem kan een van vele wees, byvoorbeeld 'n vertaalekwivalent vir 'n woord of uitdrukking in die vreemde taal, 'n aanduiding van verblyfmoontlikhede in die vreemde, 'n wegwysing na of beskrywing van 'n besienswaardigheid in die stad, streek of land wat die onderwerp van die betrokke toeristegids is of 'n aanduiding van die wisselkoers van die plaaslike geldeenheid teenoor 'n ander bekende geldeenheid. Die verstekgebruikssituasie van 'n toeristegids is nie eenduidig nie. Naas die benutting van so 'n bron wanneer die toeris op reis is, word toeristegidse dikwels en algemeen deur voornemende toeriste gebruik in die tydperk voor hulle op reis gaan. Waar dit veral die gedrukte weergawe van 'n toeristegids is wat op reis saamgeneem word, is dit veral ook die elektroniese weergawe, veral 'n internetweergawe, wat tydens die pre-reis-fase benut word. Tydens die reis self word die internetweergawe wel ook gebruik, byvoorbeeld in hotelle of selfs tydens uitstappies met behulp van draadlose internettoegang. Maar op 'n deurlopende gebruiksbasis tydens die reis het die gedrukte weergawe tog voorkeur bo die elektroniese weergawe. In hierdie opsig kan die inhoud en aanbieding van elektroniese woordeboeke maklik oorvleuel met die inhoud en aanbieding van bepaalde webwerwe. Aspekte van die webwerfontwikkeling, 'n omvattender en omvangryker gebied as die ontwikkeling van toeristegidse, moet hier in gedagte gehou word. Webwerfontwikkeling en -benutting word nie hier verder bespreek nie.

7.1 Gebruikergerigte openingskerms

Na aanleiding van modelle en die inwerkingstelling daarvan wat keusemoontlikhede vir gebruikers bied op grond van hulle spesifieke behoeftes (vgl. Bergenholtz & Bergenholtz 2007; Bergenholtz & Gouws 2007), sou die openingskerm van die elektroniese weergawe van die toeristegids, naas 'n inhoudsopgawe, aan gebruikers keuses kon bied, bv. *Ek soek inligting oor wildtuine*, *Ek soek inligting oor kulturele gebruike*, *Ek soek inligting oor sport*, *Ek soek inligting oor eetplekke*, *Ek soek inligting oor akkommodasie*, *Ek soek 'n woordeboek*. Vir elkeen van hierdie keusemoontlikhede sou daar, gebaseer op die aard van die tema van die keuse, ook bykomende subopsies kon wees. Alhoewel hierdie genoemde soekopsies in baie gevalle ooreenstem met die algemene temas van die onderskeie tekste wat in die inhoudsopgawe aangedui word, kan dit dikwels ook gebeur dat data wat tot dieselfde breë tema behoort oor meerdere tekste heen versprei is. Data oor kulturele gebruike kan byvoorbeeld in die teks met kultuur as hooftema hanteer word, maar in tekste oor bepaalde streke, hulle inwoners en die relevante besienswaardighede kan bykomende data oor kulturele aspekte aan die orde kom. Indien korrek gemerk, word toegang tot hierdie data vergemaklik en kan die gebruiker op 'n optimale onttrekking van inligting hoop.

8. ASPEKTE VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE BEOOGDE TOERISTEGIDS

8.1 'n Geamalgameerde sentrale komponent met 'n laaistruktuur

Naas tekste soos die inhoudsopgawe en register sal die sentrale komponent van die voorgestelde toeristegids 'n reeks gelykwaardige tekste bevat. Die term *tekste* moet hier nie te eng vertolk word nie. Dit verwys ook na afdelings soos 'n lysing van byvoorbeeld verkeerstekens met hulle verklaring. Hierdie sentrale komponent vertoon 'n *laaistruktuur*, dit is 'n struktuur van opeenvolgende en onafhanklike data-eenhede, sogenaamde *laaitekste*, wat teksmatig dieselfde status het, soos die laaie van 'n kas.

Die oorgang van toeristewoordeboek na toeristegids lei tot die daarstelling van 'n hibriede naslaanbron. Die hibriditeit blyk ook uit die verkeidenheid skynbaar uiteenlopende tekste en tekstipes wat almal binne 'n enkele bron aangebied word. 'n Wesenlike kenmerk van die voorgestelde tipe toeristegids is die eiesoortige aard van sy sentrale komponent, te wete 'n geamalgameerde sentrale komponent. Hierdie geamalgameerde komponent bestaan uit 'n verskeidenheid tekste wat elk 'n afsonderlike deel van die data wat toeriste benodig, weergee, byvoorbeeld 'n teks waarin die verskillende streke van die toeristebestemming met hulle belangrikste besienswaardighede een vir een, in 'n bepaalde volgorde, bespreek word, 'n verskeidenheid tematiese tekste, byvoorbeeld van wildtuine, sportbeoefening, inkopie-moontlikhede, buitelugtoerisme, ensovoorts, 'n teks met inligting oor vervoer in die betrokke land of streek, 'n teks met die toeristewoordeboek, ensovoorts. Naas teksmateriaal kan daar ook prentmateriaal wees. In hierdie geamalgameerde sentrale komponent is daar geen sprake van veelvlakigheid nie. Dit bestaan uit 'n verskeidenheid tekste wat gelyke status het, met die woordeboek of selfs verskillende woordeboeke as een of meer van hierdie tekste.

Die leksikografiese beginsel van geïntegreerde buitetekste (vergelyk Bergenholtz, Tarp & Wiegand 1999) kan op 'n enigins ander manier ook hier van toepassing gemaak word om die besondere aard van die verhouding tussen die tekste in die geamalgameerde sentrale komponent en die toeristegids as geheel duidelik te maak. In die leksikografie impliseer die konsep van geïntegreerde buitetekste dat hulle, soos die sentrale teks, 'n bydrae lewer tot die bereiking van die werklike doel van die woordeboek, dit wil sê geïntegreer is in die werklike doel van die

woordeboek, ondanks hulle optrede buite die sentrale teks. Hierdie beginsel van geïntegreerdheid wat nie op plasing nie maar wel op die verwesenliking van 'n bepaalde doel dui, geld ook in 'n toeristegids, of enige ander naslaanbron met 'n vergelykbare struktuur, waar die tekste wat deel vorm van die geamalgameerde sentrale komponent almal daarop gerig is om die werklike doel van die spesifieke naslaanbron te bereik en daarom geïntegreerd is in die werklike doel van die betrokke naslaanbron. Anders as in die geval van 'n woordeboek gaan dit hier om geïntegreerde laaitekste wat binnetekste is.

Empiriese navorsing moet gedoen word ter vasstelling van die uiteenlopende behoeftes van toeriste en daardie behoeftes wat wel deur 'n woordeboek bevredig kan word. In die voorgestelde model gaan dit nie net om 'n woordeboek nie en is die woordeboek nie die hoofteks van die naslaanbron nie, maar slegs een van 'n verskeidenheid tekste wat elkeen afsonderlik in die sentrale komponent meehelp om die werklike doel van die naslaanbron te bereik. Omdat die toeristegids as naslaanbron 'n duidelik omskrewe werklike doel het en al die tekste in die geamalgameerde sentrale komponent geïntegreer is in hierdie werklike doel, bied dit aan die opstellers van die individuele tekste, insluitend die woordeboek(e), bykomende moontlikhede om die gebruiker van verbeterde datatoegangsmoontlikhede te voorsien.

8.2 Die dataverspreidingsstruktuur

In die dataverspreidingsstruktuur gaan dit om die keuse en plasing van data binne die betrokke bron. Vir die voorgestelde toeristegids is dit belangrik dat kundiges uit verskillende velde vir die beplanning en samestelling van die inhoudelike komponent verantwoordelik is. Elke laaiteks moet data bevat wat op spesifieke behoeftes van spesifieke toeriste gerig is. Die dataverspreiding kan ook sodanig wees dat data oor 'n bepaalde onderwerp in meer as een laaiteks voorkom. Die suksesvolle toegang tot die aangebode data is van primêre belang. Beter toegang tot die data en 'n optimale onttrekking van inligting moet verseker word.

9. DIE TOEGANGSPROSES, SOEKROETES EN GROTER TOEGANKLIKHEID

'n Toeristegids het 'n sterk kognitiewe funksie. Gebruikers wil inligting aan die naslaanbron onttrek en om dit so vinnig en doeltreffend as moontlik te laat geskied, is van die allergrootste belang. Die toegangsproses in naslaanbronne, ook in toeristegidse, is gerig op die vind van 'n roete na die verlangde data en die vinnigste moontlike manier om die data te bereik. Die toegangstruktuur kan 'n uiters eenvoudige maar ook 'n uiters komplekse aard hê aangesien dit voorsiening kan maak vir 'n verskeidenheid moontlike soekroetes met verskillende begin- en eindpunte wat gebruikers kan volg om die data te vind wat die motivering van daardie betrokke naslaanhandeling sal bevredig.

Pogings om beter toegang tot relevante data in 'n omvattende toeristegids aan gebruikers te bied, kan deur middel van verskillende tipes toegangsroetes verseker word. In die leksikografie bestaan daar 'n gevestigde onderskeid tussen die eksterne en die interne toegangstruktuur. Die eksterne toegangstruktuur bied die soekroete om 'n gebruiker vanaf die begin van die soektog van buite die woordeboek af te lei tot by die lemmateken wat as gidselement van die artikel optree waarin die verlangde data aangebied word. Die opsteller van 'n toeristegids moet daarvoor voorsiening maak dat 'n groot verskeidenheid toeristegids-eksterne behoeftes, selfs ook kognitiewe toestande (vergelyk Wiegand 2008), die beginpunt van so 'n soektog kan wees. In terme van Bergenholtz & Gouws (2007) moet die opsteller van die toeristegids in die beplanning daarvan ook aandag gee aan die pre-raadplegingsfase van die toegangsproses en hoe gebruikers daarop

reageer. Hierdie fase is wanneer gebruikers besef daar is 'n behoefte om iets na te slaan en hulle moet besluit hoe en waar hulle die naslaanhandeling ten beste kan uitvoer. Gebruikers wat vertrouwd is met 'n bepaalde bron, weet waar om die betrokke data in daardie bron te vind. Ander gebruikers het eksplisiete rigtingwysers nodig. Veral in 'n bron met 'n geamalgameerde sentrale teks is die eksterne toegangsroete van 'n komplekse aard. 'n Inhoudsopgaweteks in die voortekste-afdeling van die bron vorm hier 'n belangrike eerste halte in die woordeboek-interne fase van die eksterne soekroete.

Die eksterne toegangstruktuur van 'n toeristegids met 'n geamalgameerde sentrale teks kan 'n verskeidenheid toegangsroetes met 'n magdom beginpunte hê. Enige waarneming, ervaring of behoefte van 'n toeris kan 'n raadplegingshandeling van die toeristegids aktiveer. Die gebruiker kan byvoorbeeld 'n bepaalde kulturele gebruik, 'n vreemde verkeersteken, 'n historiese gebou of 'n woord in die plaaslike taal waarneem en die behoefte ervaar om meer daaroor te wete te kom. Elkeen van hierdie waarnemings lei tot 'n ander beginpunt van 'n soekroete wat deur die eksterne toegangstruktuur moontlik gemaak word. Waar die gebruiker vertrouwd is met die toeristegids, kan hy/sy reguit na die tersaaklike teks gaan as hy/sy 'n vreemde verkeersteken waargeneem het. Vir 'n historiese gebou kan die kundige gebruiker eweneens regstreeks die betrokke teks raadpleeg en binne die teks die interne soekroete volg om by die tersaaklike inskrywing uit te kom. Toegang tot hierdie data kan ook geskied via die inhoudsopgawe of via 'n inskrywing in die registerteks in die agtertekste-afdeling. As omvattende naslaanbron bied die toeristegids eksterne toegangsroetes vanaf verskillende beginpunte na 'n groot verskeidenheid eindpunte – iets wat nie moontlik is in 'n meer beperkte reisgids of -woordeboek nie. As politoeganklike bron bied die toeristegids ook verskillende moontlikhede om by dieselfde data uit te kom. Soos in die volgende paragraaf aangetoon word, is dit nie net via die eksterne toegangstruktuur nie.

Die interne toegangstruktuur bied die soekroete binne die betrokke artikel om die gebruiker tot by die verlangde data-inskrywing te bring. Die interne toegangsroetes is tipieserwys 'n voortsetting van die soektog van 'n gebruiker wat via die eksterne soekroete tot by die lemmateken, dit is die primêre bewerkingsseenheid in 'n bepaalde artikel, gekom het. In die woordeboekteks is dit die woord wat bewerk word, maar in 'n teks oor byvoorbeeld historiese geboue, is dit die naam van 'n bepaalde historiese gebou waarvan daar dan 'n bespreking volg.

Dit is nie al tipe soekroete wat bron-intern is nie. Daar moet naamlik ook voorsiening gemaak word vir toegang via soekroetes waar die soektog sy begin- en eindpunt in die sentrale teks het, hetsy in een laaiteks hetsy tussen twee verskillende laaitekste, maar waar hierdie interne soekroete nie 'n regstreekse aansluiting is by die eindpunt van die eksterne soekroete en daar begin nie. Hierdie soort soekroete, bekend as intratoegangsroetes, oorvleuel ten dele met die kruisverwysingstelsel van 'n naslaanbron en is daarop gerig om die gebruiker na 'n verdere relevante data-inskrywing te lei. In 'n naslaanbron met 'n geamalgameerde sentrale teks waar al die tekste geïntegreerde binnetekste is, is dit dikwels nodig dat die gebruiker toegang tot data verkry via 'n soekroete vanuit 'n ander binneteks. In die woordeboekteks kan daar byvoorbeeld 'n kort verklaring van 'n kultuurgebonde leksikale item wees. Deur middel van 'n laaiteksesterne maar sentrale teks interne kruisverwysing word 'n intratoegangsroete geskep om die gebruiker te lei na die laaiteks wat spesifiek oor kulturele kwessies handel. Deur 'n netwerk van intratoegangsroetes word 'n groter mate van kohesie in die geamalgameerde sentrale teks moontlik gemaak en kan bepaalde assosiatiewe verbande tot die daarstelling van soekroetes en verhoging van toeganklikheid lei.

Die eksterne toegangsroete van naslaanbronne kan die gebruiker eerstens in die bron inlei. Die interne en intratoegangsroetes lei die gebruiker van 'n begin- na 'n eindpunt wat albei in die bron is. In die raadpleging van naslaanbronne het gebruikers dikwels die behoefte om vanuit

die naslaanbron na 'n ander bron verwys te word; om toegang te kry tot die bron-eksterne omgewing. Daarom impliseer verhoogde toeganklikheid ook dat 'n gebruiker uit die bron uitgelei kan word deur middel van 'n uitgangtoegangsroete. Die bestemming kan 'n pragmatiese maar ook 'n kognitiewe buitebroneindpunt wees. Uitgangsroetes, as 'n vorm van toeganklikheid wat deur 'n naslaanbron bewerk word, dra daartoe by om sekere aspekte van die operatiewe funksie van naslaanbronne ten dele te bereik. In 'n toeristegids kan daar byvoorbeeld verskeie tipes instruksietekste wees wat die gebruiker help om iets in die naslaanbron-eksterne omgewing te vermag, byvoorbeeld om 'n bepaalde besienswaardigheid of plek te bereik en daarna die spektrum van moontlikhede daar ten volle te benut, om 'n plekbepreking vir 'n reis of 'n uitvoering te doen, om 'n afspraak by 'n mediese dokter te maak, of om 'n plaaslike telefoongids reg te kan gebruik. Hierdeur verleen die toeristegids aan die gebruiker toegang tot die bron-eksterne omgewing. Die toeristegids word 'n kommunikatiewe, kognitiewe en operatiewe toegangsroete tot die werklike toeristeomgewing. En dit behoort die hoofdoel van hierdie soort naslaanbron te wees.

10. IMPLIKASIES VIR SUID-AFRIKA

As gewilde toeristebestemming is Suid-Afrika die onderwerp van talle toeristegidse. Sommige van hierdie gidse behoort tot reekse met talle ander reisbestemmings as onderskeie onderwerpe; ander is alleenstaande gidse. Die eiesoortigheid van enige land as toeristebestemming, ook eiesoortig in terme van die inligtingbehoefte van toeriste wat daar reis, behoort te verseker dat geen model wat ten opsigte van 'n ander land ontwerp is sonder meer en sonder aanpassings daarvoor gebruik word nie. Enige teoretiese model vir toeristegidse, ook dit wat in hierdie artikel voorgestel word, moet slegs gesien word as 'n raamwerk waarbinne die eiesoortigheid van afsonderlike bestemmings aangebied kan word.

Van wesenlike belang is enersyds die keuse van tekste om in so 'n gids op te neem, die inhoud van daardie tekste en die aanbieding van die data, maar dan veral ook die toegang tot die aangebode data. Wat dit betref, moet die opstellers van elke toeristegids voorsiening maak vir 'n toegangsproses wat 'n diverse groep teikengebruikers vanaf 'n onbepaalde aantal gidsesterne vertrekpunte na 'n verskeidenheid gidsinterne bestemmings kan lei. Vir die opsteller van 'n toeristegids bring Suid-Afrika as multikulturele en veeltalige toeristebestemming buitengewone uitdagings mee. Die omvattende verskeidenheid kognitiewe ervarings wat as vertrekpunte vir toeristegidsraadplegingsprosedures dien, dwing die opsteller van so 'n gids tot 'n diverse data-aanbod, maar veral ook die daarstelling van diverse toegangsroetes tot die data-aanbod. Vanuit die teoretiese leksikografie kan hulp verleen word en hierdie artikel skep 'n basis daarvoor. Verdere navorsing, veral empiriese navorsing, is nodig vir die ontwikkeling van spesifieke modelle vir die opstel van doeltreffende toeristegidse vir sowel voornemende toeriste na Suid-Afrika as binnelandse Suid-Afrikaanse toeriste.

11. TEN SLOTTE

Toeriste het naslaanbronne nodig en die ideaal is om die aantal bronne te beperk, maar die data-aanbod te verhoog. 'n Toeristewoordeboek as een tipe naslaanbron kan 'n veel doeltreffender rol speel indien dit deel van 'n algemener toeristegids is waar dit in wisselwerking met ander tekste kan optree om 'n optimale inligtingsonttrekking moontlik te help maak. Die samestelling van so 'n algemene bron moet volgens die voorskrifte van aanvaarbare teoretiese modelle geskied. Die teoretiese leksikografie bied talle moontlikhede in hierdie verband. Veel beter toegang tot 'n veel wyer dataverskeidenheid, maar ook tot die naslaanbron-eksterne omgewing kan hierdeur bereik word.

Leemtes is in bestaande toeristewoordeboeke bespeur wat ten beste opgelos kan word indien die woordeboekteks deel van 'n omvattender geamalgameerde toeristegids word. Gevolglik word toeristegidse in hierdie artikel as 'n voorbeeld gebruik, maar die onderliggende beginsels en die teoretiese raamwerk kan ten opsigte van talle ander tipes naslaanbronne toegepas word. Navorsing in sekere aspekte van die teoretiese leksikografie moet so beoefen word dat nie net die leksikografie daarby baat nie, maar die deleksikografisering van die model vir woordeboeke moet tot die verbetering van die inhoud, struktuur en funksies van ander naslaanbronne kan lei.

BIBLIOGRAFIE

- Bergenholtz, H. & Bergenholtz, I. 2007. On the timelessness of music dictionaries. *Lexikos* 17: 407-415.
- Bergenholtz, H. & Gouws, R.H. 2007. The Access Process for Fixed Expressions. *Lexicographica* 23: 236-260.
- Bergenholtz, H. & Gouws, R.H. 2007a. Korrek, volledig, relevant. Dít is die vraag aan leksikografiese definisies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 47 (4): 568-586.
- Bergenholtz, H. & Tarp, S. 2002. Die moderne lexikographische Funktionslehre. Diskussionsbeitrag zu neuen und alten Paradigmen, die Wörterbücher als Gebrauchsgegenstände verstehen. *Lexicographica* 18: 253-263.
- Bergenholtz, H. & Tarp, S. 2003. Two opposing theories: On H.E. Wiegand's recent discovery of lexicographic functions. *Hermes* 31: 171-196.
- Bergenholtz, H., Tarp, S. & Wiegand, H.E. 1999. Datendistributionsstrukturen, Makro- und Mikrostrukturen in neueren Fachwörterbüchern. Hoffmann, L. et al. (eds) 1999. *Fachsprachen. Languages for Special Purposes*. Berlin: De Gruyter, pp. 1762-1832.
- Gouws, R.H. 2001. Lexicographic training: approaches and topics. Emejelu J du P (red.) 2001. *Elements de Lexicographie Gabonaise*. Jack Hillman Publishers, pp. 58-94.
- Gouws, R.H. 2004. Outer texts in bilingual dictionaries. *Lexikos* 14: 67-88.
- Gouws, R.H. 2005. Meilensteine auf dem historischen Weg der Metalexikographie. *Lexicographica* 21: 158-178.
- Gouws, R.H. 2005a. Oor die verhouding tussen woordeboekstrukture, woordeboekinhoud en leksikografiese funksies. *Lexikos* 15: 52-69.
- Gouws, R.H. 2007. Op pad na 'n nuwe woordeboektipologie. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 25 (3) 2007: 319-331.
- Hausmann, F.J. & Wiegand, H.E. 1989. Component Parts and Structures of General Monolingual Dictionaries: A Survey. Hausmann, F.J. et al. (eds) 1989-1991. *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. An international encyclopedia of Lexicography*. Berlin: W. De Gruyter, pp. 328-360.
- Leroyer, P. 2008. Maultasche og Novillada. En teori for turistordbøger. *Nordiske Studier I Leksikografi* 9.
- Leroyer, P. 2008a. Les Mutations de la Lexicographie Touristique. *Cahiers de linguistique*.
- Leroyer, P. Om te verskyn. From travel to tourist dictionary: Laying the foundation for a new field of dictionary research.
- Tarp, S. 2000. Theoretical challenges to LSP lexicography. *Lexikos* 10:189-208.
- Tarp, S. 2007. Lexicography in the information age. *Lexikos* 17: 170-179.
- Tarp, S. 2008. *Lexicography in the borderland between knowledge and non-knowledge*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Tarp, S. 2008a. Revival of a dusty old profession. Professorale intreerede: Sentrum vir Leksikografie, Universiteit van Aarhus.
- Wiegand, H.E. 2008. Zugriffsstrukturen in Printwörterbüchern. Ein zusammenfassender Beitrag zu einem zentralen Ausschnitt einer Theorie der Wörterbuchform. *Lexicographica* 24.
- Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag: Mouton.